Coming Activities - Komende Bedrywighede

South Africa has now been active in Antarctic Research at SANAE for ten years and the Antarctic Association will enter its tenth year on the 16th September, 1970. With this in mind the executive committee of the Association, under direction of its President, Dr. L. E. Kent, has proposed that the new committee, which is to be elected at the Annual General Meeting on the 13th May, 1970, should investigate the holding of a nationwide essay competition for schoolchildren. The theme of the essay would be South Africa's contribution to the knowledge of the continent in all fields. The contest will be limited to junior members, age 13-17 years (inclusive) and further details will be published in the *Bulletin* as arrangements are finalised.

Met bostaande in gedagte herinner ons lesers daaraan dat daar 'n beperkte voorraad van ou nommers beskikbaar is. Belangstellendes moet vroegtydig by die redakteur, Dr. D. G. Torr van Parklaan 32, Bordeaux, Randburg, Transvaal, aansoek doen. Skoolbiblioteke wat hul stel van die *Bulletins* wil voltooi en onderwyserers(-esse) wie se studente belangstel in die kompetisie sal voorkeur geniet.

Die Vereniging sal etlike aantreklike pryse aanbied vir die beste opstelle en dit sal die kompetisie wel die moeite werd maak vir deelnemers. Aanduidings sover ontvang dui daarop dat belangstelling groot en dat die standaard hoog sal wees. Belangstellendes word derhalwe aangeraai om onmiddelik voorbereidsels te tref.

Ledegeld van die Vereniging beloop R2.00 per jaar vir volwassenes en R0.25 per jaar vir junior lede (13-17 jaar insluitend). Aansoeke om lidmaatskap kan gerig word aan Die Sekretaris, S.A. Nasionale Antarktiese Vereniging, Posbus 15068, Lynn East, Pretoria.

Nuwe Permanente Antarktiese Uitstalling

Dit word berig dat die Museum vir Wetenskap en Industrie dit beoog om in die loop van die jaar 'n nuwe permanente Antarktiese uitstalling te bou. Die uitstalling sal in die Didaktagebou, Skinnerstraat, Pretoria gehuisves word.

Onder andere word 'n diorama beplan met 'n „lewende" tipies-Antarktiese toneel. Verskillende aspekte van Antarktiese weer en verskynsels sal hierin nageboots word.

Deel van die uitstalling sal 'n kopie van deel van 'n kamer by SANAE wees. Die kamer sal uitgerus word met items soos radiosenders ens. en sal oor 'n outomatiese projektorstelsel beskik. Belangstellendes sal dan na skyfies van Antarktiese tonele om en by, asook die geskiedenis van SANAE kan kyk.

Verdere items op die uitstalling sal 'n volledige stel Antarktiese mondering, hondeslee en toerusting, 'n model op skis, veldtent en veldrantsoene, draagbare, radio en moontlik opgestopte Antarktiese diersoorte wees.

SANAE XI

W. J. van Zyl, Leier; G. P. de Beer, Senior Weerkundige; A. Grundlingh en N. W. Minnaar, Weerkundiges; S. Rozsnyai, Senior Werktuigkundige; J. A. Starke en H. C. Viljoen, Werktuigkundiges; R. H. Vosloo, en S. J. Nel, Radiobedieners; H. Kahle en D. Vaclavik, Geoloë; H. Moraal (Kosmies), A. C. Woods (Whistler), D. W. L. Scorgie (Ionosferies) en J. P. du Plessis (Geomagneties), Fisici; E. A. Els, Radiotegnikus; P. C. Kühn, Elektronikus; P. R. Donald, Mediese Dokter.

INCE 25502 6/70—